

'N EVALUERING VAN FAKTORE WAT VERDIGTING
VAN GROND, WAAROP MIELIES IN DIE HOëVELDSTREEK
VERBOU WORD, BEINVLOED

deur

Jacobus Adriaan Gerhardus Henning

Voorgelê ter voldoening aan 'n deel van die
vereistes vir die graad

MAGISTER SCIENTIAE

in die Fakulteit Natuurwetenskappe,
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys

Studieleier: Mnr. D.J. Nel

POTCHEFSTROOM
November 1984

DANKBETUIGING

My dank en waardering aan:

- Mnr. D.J. Nel (Departement Bodemkunde, PU vir CHO) wat as studieleier baie waardevolle leiding verskaf het.
- Professor H.J. von M. Harmse (Departement Bodemkunde, PU vir CHO) wat opbouende kritiek gelewer het.
- Die Direkteur van die NIGG en die Departement van Landbou en Watervoor=siening vir toestemming om amptelike werk as studiemateriaal te kon gebruik.
- My kollegas by die NIGG en veral Piet Visser en Dirk Stoffberg wat behulpsaam was met die veldwerk.
- My vrou en ouers vir hul ondersteuning en belangstelling.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1	OORSIG	1
1.2	DOELSTELLINGS	2

HOOFSTUK 2

DIE INVLOED VAN GRONDBEWERKING OP VERDIGTING

2.1	INLEIDING	3
2.2	DOELSTELLINGS	6
2.3	BESKRYWING VAN DIE PROEFPERSELE	7
2.4	METODES IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK	7
2.4.1	Brutodigtheid	7
2.4.2	Wortelverspreiding	8
2.4.3	Penetrasieweerstand	9
2.4.4	Grondwaterstudies.....	9
2.5	RESULTATE EN BESPREKING	9
2.5.1	Brutodigtheid	9
2.5.2	Wortelverspreiding	15
2.5.3	Penetrasieweerstand	17
2.5.4	Grondwaterstudies.....	21
2.6	GEVOLGTREKKING	22

HOOFSTUK 3

DIE INVLOED VAN VERDIGTINGSPOGING, KLEI- EN WATERINHOUD OP VERDIGTING

3.1	INLEIDING	23
3.2	DOEL VAN GEKONTROLEERDE VERDIGTINGSTOETSE.....	25
3.3	BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGEBIED	26
3.4	METODES IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK	31
3.4.1	Die invloed van klei- en waterinhoud op verdigting	31
3.4.2	Die invloed van die omvang van die verdigtingspoging op ver- digting	31

3.5	RESULTATE EN BESPREKING	35
3.5.1	Die invloed van klei-inhoud op die maksimum brutodigtheid waar= toe grond by die optimumwaterinhoud kan verdig	35
3.5.2	Die invloed van klei-inhoud op die optimumwaterinhoud	38
3.5.3	Die invloed van klei-inhoud op die brutodigtheid waartoe grond by ander waterinhoude as die optimum kan verdig	41
3.5.4	Die relatiewe invloed van klei- en waterinhoud op verdigting.....	43
3.5.5	Die invloed van die omvang van die verdigtingspoging op ver= digting	47
3.6	OPSOMMING	49

HOOFSTUK 4

DIE INVLOED VAN DEELTJIEGROOTTEVERSPREIDING OP VERDIGTING

4.1	INLEIDING	50
4.2	DOELSTELLINGS	51
4.3	METODE VAN ONDERSOEK	51
4.3.1	Die invloed van deeltjiegrootteverspreiding op verdigting	51
4.3.2	Die invloed van brutodigtheid (kg m^{-3}) op penetrasiestand (kPa)	51
4.4	RESULTATE EN BESPREKING	51
4.4.1	Die invloed van deeltjiegrootteverspreiding op verdigting	51
4.4.2	Die invloed van brutodigtheid (kg m^{-3}) op penetrasieweerstand (kPa)	54
4.5	GEVOLGTREKKING	55

HOOFSTUK 5

OPSOMMING	56
TABELLE	57
FIGURE	58
ABSTRACT	60
VERWYSINGS	61

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 OORSIG

Grondverdigting gaan gepaard met 'n toename in die eenheidsmassa van die soliede fase en 'n afname in die volume van die ruimtes tussen die gronddeeltjies (Sowers & Sowers, 1970:206).

Verdigting kan deur interne of eksterne kragte teweeggebring word (Cohron, 1971:107). Krimp (Gill, 1959:253), vries en swel (Cohron, 1971:107; Larson & Allmaras, 1971:373) is interne kragte wat grond kan verdig. Beweging van diere (Tanner & Mamaril, 1959:31), trekker=wiele (Chancellor, 1977:20; Soane *et al.*, 1982:30), implemente (Cohron, 1971:106; Mayauskas, 1959:180; Willat & Wallis, 1965:112), besproeiing (Du Preez, *et al.*, 1981:11) en reëndruppels (Cohron, 1971:108) is eksterne kragte wat verdigting veroorsaak.

Die ontwikkeling van mielieplante kan ernstig deur hoë brutodigtheid van grond beperk word. Grondverdigting benadeel wortelindringing (Schoorman *et al.*, 1974:265). Swak wortelindringing kan toegeskryf word aan die invloed van grondverdigting op ionopname (Veen & Boone, 1981:77) en grondlugkapasiteit (Trowse & Baver, 1962:7), asook die meganiese weerstand wat diggepakte deeltjies teen wortelindringing bied (Aubertin & Kardos, 1965:293). Grondverdigting beïnvloed ook ander grondeienskappe soos die waterhouvermoë (Burger *et al.*, 1979:47; Warkentin, 1971:135), deurlugting (Grable, 1971:154), beweging en mineralisering van plantvoedingstowwe (Kemper *et al.*, 1971:189) en grondsterkte (Chancellor, 1971:212).

Die mate waartoe grond kan verdig en die weerstand wat dit teen verdigting kan bied, word beïnvloed deur deeltjiegrootteverspreiding (Bodman & Constantin, 1965:590), waterinhoud (Soehne, 1958:280), organiese materiaalinhoud (Adams, 1973:10), deeltjievorm (Brady, 1974:42), temperatuur (Koolen & Kuipers, 1983:33) en toegepaste kragte.

Grondverdigting is 'n probleem wat 'n direkte invloed uitoefen op die produksie van mielies op 'n oppervlakte van ongeveer 2 000 000 hektaar in die Republiek van Suid-Afrika (Mallet *et al.*, 1980:4). Volgens Koch & Badenhorst (1977:18) kom dié probleem in die geval van die meeste landbougronde in die Hoëveldstreek voor. Verdigte lae kan veroorsaak dat water onder hierdie lae nie deur plante opgeneem kan word nie. Aangesien soveel as 75 persent van die Hoëveldstreek se gemiddelde jaarlikse reënval oor die langtermyn laer as 600mm is (Departement van Landbou, 1981:3), is dit belangrik dat plantwortels instaat moet wees om al die beskikbare water in die grondprofiel te kan benut. Inagneming van navorsingsresultate oor verdigting van grond, waarop mielies in hierdie streek verbou word, kan dus 'n groot bydrae tot verbeterde produksie lewer.

1.2 DOELSTELLINGS

Die doel van hierdie ondersoek was om sekere faktore wat 'n invloed uitoefen op die verdigting van verskillende grondtipes, waarop mielies in die Hoëveldstreek verbou word, te evalueer. In akkerbouproewe is die invloed van spanning deur trekkerwiele en sekere grondbewerkingsimplimente op verdigting by twee grondtipes ondersoek. In die laboratorium is die invloed van die grootte van die verdigtingspoging en die grond se water- en klei-inhoud op verdigting ondersoek.

Nog 'n aspek wat ondersoek is, is die evaluering van die moontlikheid of resultate wat in een lokaliteit onder gekontroleerde toestande verkry is, elders van toepassing kan wees waar soortgelyke of ander toestande heers.

HOOFSTUK 2

DIE INVLOED VAN GRONDBEWERKING OP VERDIGTING

2.1 INLEIDING

Sedert die ysterskaarploeg in 1830 in gebruik gekom het, het implemente vir grondbewerking tot hoogs gesofistikeerde toestelle ontwikkel (Phillips, 197-?:1). Navorsing oor grondbewerking het veral na afloop van die Tweede Wêreldoorlog toegeneem. Die belangrikste redes daarvoor kan volgens Russel (1977:247) toegeskryf word aan toenemende voedselbehoefte, veranderinge in die wêreld ekonomie, vooruitgang in die chemiese beheer van onkruid en 'n toenemende besef van die gevolge van gronderosie.

Grondbewerking word as een van die belangrikste vereistes vir suksesvolle gewasproduksie beskou. Die primêre doel van grondbewerking is die daarstelling van gunstige toestande in die grondprofiel sodat die gewas die heersende klimaatstoestand optimaal kan benut. As gevolg van die beperkende invloed van reënval in die Republiek van Suid-Afrika kan dit as die belangrikste beperkende klimaatsfaktor beskou word.

Met grondbewerking word onder andere die volgende beoog:

- i) Saadbedvoorbereiding.
- ii) Verbetering van die effektiwiteit van die reënval deur 'n verbetering van infiltrasie en vermindering van afloop.
- iii) Vermindering van verdampingsverlies.
- iv) Voorkoming van verlies van grondwater as gevolg van transpirasie deur ongewenste plante.
- v) Bevordering van die wortelverspreiding in die grondprofiel.

Gedurende die ondersoek is besondere aandag aan die mate waartoe wortelverspreiding deur grondbewerking beïnvloed word, gegee.

h Grond met geskikte fisiese eienskappe vir wortelgroei het h bevestigende waterinhoud en word gekenmerk deur h los struktuur en makroporieë wat onderling verbind is (Trowse, 1977:320). Aubertin & Kardos (1965:293) het bevind dat indien die gemiddelde deursnee van porieë in h stabiele poreuse medium kleiner as $412\mu\text{m}$ is, h afname in wortelgroei plaasvind. Mieliewortels groei nie in h stabiele poreuse medium met porieë kleiner as $138\mu\text{m}$ nie. In veranderlike sisteme word die groei van mieliewortels egter nie deur die deursnee van die porieë beïnvloed nie. Mieliewortels dring deur porieë as gevolg van hul vermoë om gronddeeltjies te verplaas om sodoende hul eie weg deur die grond te baan (Aubertin & Kardos, 1965:293).

Schuurman *et al.* (1974:265) het bevind dat grondverdigting h afname in wortelgroei tot gevolg het. Volgens Veen & Boone (1981:77) kan die verskynsel toegeskryf word aan h afname in ionopname wat die gevolg is van h verandering in wortelmorfologie om aan te pas by die verdigte grond. Navorsing dui verder daarop dat wortelverlenging in h verdigte grond goed met die grond se lugkapasiteit korreleer (Trowse & Baver, 1962:7). Bennie en Burger (1980:2) wat die invloed van grondverdigting op wortelgroei by mielies ondersoek het, het ook bevind dat h toename in verdigting wortelgroei benadeel.

Skaarploeë en tandimplemente kan as gevolg van skuifskuurvervorming en deur die uitoefening van druk op die grond, verdigting veroorsaak. Skuifskuurvervorming vind plaas wanneer die implemente die grond se struktuur verander en grondlae dwing om oor mekaar te skuif (Chancellor, 1977:30). Skaarploeë (Mayauskas, 1959:190) en tandimplemente (Willat & Wallis, 1965:112) het hoë spannings in die grond tot gevolg en vorm h verdigtingslaag op bewerkingsdiepte. Die druk wat trekkerbande op die grond uitoefen en die skuifskuurvervorming wat dit tot gevolg het, kan ook verdigting veroorsaak (Chancellor, 1977:20). Die drukverspreiding onder h wiel word bepaal deur die lading op die wiel, die grootte van die kontakoppervlakte tussen die band en die grond, die verspreiding van kontakdrukke oor kontakoppervlaktes, die struktuur, waterinhoud en digtheid van die grond (Soehne, 1958:276).

Tekstuur en die langtermyn gemiddelde reënval bepaal tot 'n groot mate die keuse van die mees effektiewe bewerkingstelsel (Koch & Badenhorst, 1979:2). Oor die mate waartoe die grond se klei-inhoud die keuse van die bewerkingstelsel bepaal, bestaan daar tans nog onduidelikhede. Snyman (1983:9) het regressielyne opgestel wat 'n verband tussen opbrengs=verhoging van mielies en 'n toename in bewerkingsdiepte vir verskillende klei-inhoude aantoon. Volgens hierdie regressielyne moet die bewerkings=diepte omgekeerd eweredig wees met die grond se klei-inhoud. Hierdie outeur skryf die verwantskap toe aan die beperkte mate van verdigting wat by grond met 'n hoë klei-inhoud plaasvind. Pidgeon & Soane (1978:372) het egter gevind dat grondbewerking 'n swak gedreineerde sanderige klei makliker en meer verdig as goed gedreineerde sanderige leem. In Skotland het O'Sullivan & Ball (1982:259), wat op 'n sanderige leem navorsing gedoen het, gevind dat bewerking tot op 'n diepte van 500mm, hoër brutodigtheid as vlakker bewerkings tot gevolg het. As gevolg van die unieke kombinasies van grondtipes en toestande wat in die Republiek van Suid-Afrika heers, is dit wenslik dat 'n vergelyking tussen grondbewerkingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika en ander lande altyd met versigtigheid benader word. Onduidelikheid bestaan egter nog oor die relatiewe invloed van die hoeveelheid klei op verdig=ting en gevolglik oor die keuse van bewerkingstelsels.

Die gebruik van die skaarploeg in die sanderige grond van die Noordwes-Vrystaat het verdigting tot gevolg (Burger, 1982:21). Diep skeurploeg=bewerkings met beheerde spoorverkeer is vir hierdie gebied voorgestel deur Burger (1982:10), Koch & Badenhorst (1979:7) en Mallet *et al.* (1980:12). As alternatief beveel Koch & Badenhorst (1979:7) algehele skeur=ploegbewerkings of gereelde diep skaarploegbewerkings aan vir sanderige grond wat maklik verdig. Mallet *et al.* (1980:12) het egter gevind dat 'n Viljoenskroonserie wat diep met behulp van skaarploë bewerk is op bewerkingsdiepte verdig. In die VSA word diep skeurploegbewerkings met beheerde spoorverkeer suksesvol op gronde wat maklik verdig toegepas (Taylor & Gill, 1984:195). Taylor & Gill (1984:209) wys egter daarop dat hulle, anders as in die Republiek van Suid-Afrika, van spesiaal ontwerpte trekkers en implemente gebruik maak.

Die mate waartoe implemente grond kan verdig, word onder andere beïnvloed deur die waterinhoud tydens bewerking. Minder verdigting vind plaas indien grondbewerking by 'n waterinhoud laer as die optimumwaterinhoud plaasvind (Weaver & Jamison, 1951:23). Volgens Braunack & Dexter (1978:125) kan die maksimum waterinhoud waarby bewerking mag plaasvind, bereken word indien die grootte van kontakdrukke en die trekspanningsterkte bekend is.

Aangesien die relatiewe invloed van brutodigtheid op wortelgroei van grondtipe tot grondtipe sal verskil, kan grondsterkte beskou word as die belangrikste faktor wat indringing van wortels bepaal. In die geval van vier gronde, met verskillende deeltjiegrootteverspreidings, het Taylor *et al.* (1965:21) gevind dat wortels nie grond met 'n penetrasieweerstand van 2 500kPa by veldkapasiteit kan binnedring nie. Hierdie outeurs het bevind dat grond se penetrasieweerstand deur brutodigtheid en tekstuur beïnvloed word. Penetrasieweerstand word egter deur verskeie faktore beïnvloed en is dus nie 'n direkte aanduiding van grond se brutodigtheid nie (Chancellor, 1977:7). Die verwantskap tussen penetrasieweerstand en brutodigtheid varieer van grond tot grond en ook vir 'n gegewe grond namate die waterinhoud varieer. Selfs wanneer 'n grond by geselekteerde waterinhoude verdig word, kan die verwantskap tussen penetrasieweerstand en brutodigtheid van grond wat in die veld verdig is, verskil van dié wat onder laboratoriumtoestande verdig is (Chessness *et al.*, 1972:219). Dit is dus duidelik dat penetrasieweerstande in die geval van bewerkingstudies slegs gebruik kan word om verdigting te identifiseer.

2.2 DOELSTELLINGS

Met hierdie ondersoek is gepoog om die invloed van drie grondbewerkingstelsels, wat algemeen in die Hoëveldstreek toegepas word, op verdigting te ondersoek. Twee grondtipes, waarvan die klei-inhoud verskil, is gebruik. As gevolg van die verskil in klei-inhoud is verwag dat die twee grondtipes nie tot dieselfde mate sal verdig nie. By beide grondtipes is ook bepaal tot watter mate die grond as gevolg van trekkerverkeer verdig en of grondbewerking en trekkerverkeer die grond se penetrasieweerstand beïnvloed. Die invloed van verdigtingslae op wortelverspreiding is ook nagegaan.

2.3 BESKRYWING VAN DIE PROEFPERSELE

Die invloed van grondbewerking op verdigting is in die Noordwes-Vrystaat, naby Bothaville, op 'n Bleeksandserie (Avalonvorm) met 7 persent klei in die B21-horison, en in Suidoos-Transvaal, op 'n Msingaserie (Huttonvorm) met 18 persent klei in die B21-horison, ondersoek. Die twee lokaliteite word onderskeidelik as nommers 2 en 8 in Figuur 3.1 aangetoon. Grondmonsters vanuit hierdie twee lokaliteite se korrelgrootteverspreidingsparameters en kohesie word in Tabel 2.1 gegee. Die metode waarvolgens die kohesie bepaal is, word breedvoerig deur Bowles (1970:124) beskryf. In Hoofstuk 3 word die metode waarvolgens die korrelgrootteverspreiding bepaal is, beskryf.

Elke proefperseel het 'n oppervlakte van een hektaar beslaan en is volgens 'n ewekansige blokontwerp verdeel in drie behandelings wat elkeen drie keer herhaal is. Die proef het drie groeiseisoene geduur en die finale waarnemings is aan die einde van die derde groeiseisoen geneem. Met die aanvang van die eerste seisoen is 'n skeurploeg met vlerkskare gebruik om moontlike verdigting tot op 'n diepte van 450mm in al die persele by beide proewe op te hef. Hierdie algehele bewerking is slegs met die aanvang van die eerste groeiseisoen uitgevoer. Die volgende drie behandelings is daarna jaarliks vir die daaropvolgende twee jare op die verskillende persele uitgevoer:

- i) Bewerking met 'n skaarploeg tot op 'n diepte van 250mm.
- ii) Bewerking met 'n sny-eg tot op 'n diepte van 150mm.
- iii) Skeurploegbewerking tot op 'n diepte van 450mm in die plantry met gepaardgaande toepassing van beheerde spoorverkeer soos voorgestel deur Koch & Badenhorst (1979:7) en Mallet *et al.* (1980:12). 'n Skeurploeg met 'n enkeltand en vlerkskare is gebruik.

By al die behandelings is 'n trekker met 'n wielspasiëring van 1,5m gebruik.

2.4 METODES IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK

2.4.1 Brutodigtheid

'n Profielgat is in elke perseel gegrawe en verdigte lae is geïdentifiseer deur die wande vandie profielgate met 'n geologiese hamer oop te kap. By elke profielgat is onversteurde grondmonsters, onder die plantry en onder die

Tabel 2.1 Korrelgrootteverspreidingsparameters en kohesie (kPa) van 'n bleeksandserie (in Noordwes-Vrystaat) en 'n Msingaserie (in Suidoos-Transvaal)

Grondserie	Klei= inhoud (%)	Sortering ϕ	Skeefheid	Kurtose	Kohesie (kPa) *
BLEEKSAND	7	0,79	0,04	1,07	0
MZINGA	18	0,90	0,10	1,18	3

* Bepaal met behulp van direkte skuifkas (Bowles, 1970:124)

spoor, met 'n apparaat vir die neem van onversteurde monsters, verkry. Waar geen verdigte lae geïdentifiseer kon word nie, is grondmonsters bo en onder bewerkingsdiepte geneem. Waar verdigte lae wel geïdentifiseer kon word, is grondmonsters bo, in en onder die laag geneem. Die apparaat vir die neem van onversteurde monsters het 'n volume van 136cm³ en die brutodigtheid van elke monster is volgens die metode soos bespreek deur Chancellor (1977:5) bereken.

2.4.2 Wortelverspreiding

Wortelverspreiding is vir dieselfde lokaliteit en in dieselfde profielgate waar brutodigtheid bepaal is, ondersoek. 'n Draadraamwerk van 1 000 x 600mm is vir hierdie doel gebruik. Die raamwerk is in vierkante met groottes van 100cm² verdeel. Tydens die ondersoek is die raam teen die kant van 'n profielgat, reg onder 'n mielieplant, geplaas. Waardes vir wortelverspreiding is aan elke blokkie toegeken. Gemiddelde waardes vir elke 100mm bereik in diepte is dan bereken. Die volgende waardes is toegeken:

- 5 - wortels word in die hele blokkie waargeneem,
- 4 - wortels word in 75 persent van die blokkie waargeneem,
- 3 - wortels word in 50 persent van die blokkie waargeneem,
- 2 - wortels word in 25 persent van die blokkie waargeneem en
- 1 - slegs een wortel word in die blokkie waargeneem.

2.4.3 Penetrasieweerstand

Penetrasieweerstand by elke behandeling in die ry en in die spoor is bepaal met behulp van 'n elektroniese penetrometer, soos beskryf deur Broekman (1982:1-3).

2.4.4 Grondwaterstudies

Tydens 'n kritiese groeistadium (pluimstadium) is die grond se waterinhoud by elke behandeling op bewerkingsdiepte bepaal. Om verskille in waterinhoud te verklaar is die diepte van die grondwatervlak vasgestel en kapillêrestyging in die laboratorium gemeet deur grond met 'n brutodigtheid van $1\,450\text{ kg m}^{-3}$, afkomstig vanuit die B-horisonte van die proefpersele, in 'n plastieksilinder met 'n deursnee van 60mm oornag in 'n waterbad te plaas. Die hoogte wat die water in die grondkolom bokant die vlak van die water in die waterbad gestyg het, is gemeet.

2.5 RESULTATE EN BESPREKING

2.5.1 Brutodigtheid

In die geval van die Bleeksandserie is verdigte lae in al die behandelings waargeneem. In die gevalle waar 'n skaarploeg en sny-eg gebruik was, is verdigte lae onderskeidelik op dieptes van 200-300 en 150-250mm, aangetref.

In die geval van die bewerking met 'n skeurploeg kom die verdigte laag op dieptes wat wissel van 450 tot 500mm voor. Die verdigte laag is in die geval van al die behandelings onder die ry en onder die spoor aangetref. Die teenwoordigheid van die verdigte laag onder die spoor in die geval van die skeurploegbewerking, kan moontlik aan die aanvanklike bewerking voor die aanvang van die proef toegeskryf word. Die posisie van die verdigte lae word in Figuur 2.1 uitgebeeld. In Figuur 2.2 en Tabel 2.2 word die brutodigthede van die geïdentifiseerde lae gegee en dit is duidelik dat al drie die bewerkingsmetodes verdigting veroorsaak het. Slegs die diepte waarop die verdigting plaasgevind het, verskil tussen die verskillende behandelings. Hoër brutodigthede kom in die trekkerspore as in die plantry voor. Laasgenoemde resultate kom ooreen met die waarneming wat deur Du Preez *et al.* (1981:8) gemaak is. Dit blyk dus dat hier-



Sny-eg




Skaarploeg



Skeurploeg op ry

Figuur 2.1 Illustrasie van die relatiewe dieptes van die verdigte lae by die Bleeksandserie (Avalonvorm)
vir verskillende metodes van bewerking




Figuur 2.2 Verdigting by die Bleeksandserie (kyk Tabel 2.2)

Tabel 2.2 Brutodigthede (kg m^{-3}) op verskillende dieptes (1 is bo-, 2 in- en 3 onder die verdigte lae) by die Bleeksandserie

Bewerking	Diepte	Brutodigtheid (kg m^{-3})							
		Ry				Spoor			
		Herhalings			Gemid= deld	Herhalings			Gemid= deld
		1	2	3		1	2	3	
Sny-eg	1	1480	1470	1490	1480	1490	1530	1510	1510
	2	1600	1580	1600	1590	1680	1610	1610	1630
	3	1520	1500	1500	1510	1510	1660	1510	1520
Skaar= ploeg	1	1470	1500	1480	1480	1530	1540	1560	1540
	2	1600	1640	1630	1620	1690	1650	1640	1660
	3	1520	1500	1530	1520	1530	1500	1540	1520
Skeur= ploeg op ry	1	1480	1470	1490	1480	1540	1550	1560	1550
	2	1630	1600	1630	1620	1640	1640	1650	1640
	3	1540	1560	1550	1550	1560	1560	1560	1560

K.B.V. vir dieptes = 16,8 ($P < 0,01$)

K.B.V. vir spoor en ry = 13,72 ($P < 0,01$)



Dieptes (mm) waar brutodigtheidsbepalings; 1 (bo bewer= kingsdiepte) en 2 (onder bewer= kingsdiepte), gedoen is.

Figuur 2.3 Verdigting by die Msingaserie (kyk Tabel 2.3)

Tabel 2.3 Brutodigtheide (kg m^{-3}) op verskillende dieptes (1 is bo- en 2 onder die bewerkingsdiepte) by die Msingaserie

Bewerking	Diepte	Brutodigtheid (kg m^{-3})							
		Ry				Spoor			
		Herhalings			Gemid= deld	Herhalings			Gemid= deld
		1	2	3		1	2	3	
Sny-eg	1	1430	1400	1410	1410	1570	1480	1550	1530
	2	1400	1390	1420	1400	1440	1450	1500	1460
Skaarploeg	1	1380	1400	1370	1380	1540	1500	1460	1500
	2	1350	1350	1380	1360	1330	1390	1300	1340
Skeurploeg op ry	1	1360	1380	1350	1360	1430	1450	1390	1420
	2	1300	1340	1340	1330	1320	1400	1300	1340

K.B.V. vir dieptes = 17,23 ($P < 0,01$)

K.B.V. vir spoor en ry = 14,07 ($P < 0,01$)

die grond maklik as gevolg van bewerking verdig en dit kan moontlik toegeskrif word aan hierdie sandgronde se lae kohesiekragte (Tabel 2.1), en gevolglike lae weerstand teen verdigting (Sowers & Sowers, 1970:130).

In die geval van die Msingaserie kon geen verdigte lae in die geval van enige van die metodes van bewerking geïdentifiseer word nie. As gevolg van die kohesiekragte tussen die gronddeeltjies (Tabel 2.1) is die kontakdrukke wat die implemente uitoefen, waarskynlik nie voldoende om die grond te verdig nie. Verdigting in die trekkerspore het egter wel plaasgevind. Blykbaar word die grond se struktuur met bewerking opgebreek terwyl die trekkerwiele weer die gronddeeltjies in 'n digter rangskikking saamdruk, sodat verdigting onder die trekkerwiel plaasvind.

2.5.2 Wortelverspreiding

Die verspreiding van wortels in die geval van die Bleeksandserie, soos beïnvloed deur verskillende bewerkingstelsels, word in Tabel 2.4 gegee. Tot op 'n diepte van 100mm is daar geen verskille tussen die skaalwaardes van die drie metodes van bewerking nie. Op 'n diepte van 100 tot 200mm is die toegekende waarde van die wortelverspreiding vir die sny-egbewerking laer, maar op hierdie diepte is 'n verdigte laag teenwoordig. Op 'n diepte van 200 tot 300mm is die toegekende waarde van die skaarploegbewerking ook laer as die van die skeurploegbewerkings waar geen verdigte laag voorkom nie. 'n Verdigte laag kom voor op 200 tot 300mm waar die skaarploegbewerking toegepas is (Kyk Tabel 2.2). Dit is duidelik dat die hoë bruto-digtheid van die verdigte lae die indringing van wortels tot 'n groot mate beperk het. Hierdie gegewens stem ooreen met resultate wat deur Schuurman *et al.* (1974:265) gepubliseer is.

Soos verwag kan word kom by die Msingaserie geen betekenisvolle verskille in die toegekende waardes vir wortelverspreiding op bepaalde dieptes tussen die verskillende metodes van bewerking voor nie.

Tabel 2.4 Wortelverspreiding by die Bleeksandserie


Behandeling	Dieptes (mm)	Toegekende waardes van wortelverspreiding op verskillende dieptes			
		Herhaling en gemiddeld			
		i	ii	iii	Gemiddeld
Sny-eg	0-100	3,0	2,3	1,6	2,3
	100-200	1,3	1,2	0,8	1,1
	200-300	0,3	0,5	0,2	0,5
	300-400	0,6	0,3	0,0	0,3
	400-500	0,0	0,2	0,0	0,1
Skaarploeg	0-100	2,3	1,8	2,7	2,3
	100-200	2,5	2,1	2,1	2,2
	200-300	1,2	0,7	0,7	0,5
	300-400	1,0	0,2	0,4	0,5
	400-500	0,9	0,1	0,1	0,4
Skeurploeg	0-100	1,7	2,5	2,8	2,3
	100-200	2,0	1,8	3,2	2,3
	200-300	1,8	1,3	1,9	1,7
	300-400	1,0	0,6	1,1	0,9
	400-500	0,2	0,0	0,0	0,07

Tabel 2.5 Wortelverspreiding by die Msingaserie


Behandeling	Dieptes (mm)	Toegekende waardes van wortelverspreiding op verskillende dieptes			
		Herhaling en gemiddeld			
		i	ii	iii	Gemiddeld
Sny-eg	0-100	3,2	2,8	2,8	2,9
	100-200	2,7	2,6	2,3	2,5
	200-300	2,3	2,3	2,0	2,2
	300-400	2,0	2,3	1,8	2,0
	400-500	1,7	1,9	1,3	1,6
Skaarploeg	0-100	3,1	3,4	2,9	3,1
	100-200	2,9	2,8	2,8	2,8
	200-300	2,8	2,3	2,1	2,4
	300-400	1,6	2,1	1,9	1,9
	400-500	2,6	1,6	1,7	1,8
Skeurploeg	0-100	3,2	3,5	2,6	3,1
	100-200	2,8	3,1	2,6	2,8
	200-300	2,6	2,2	2,0	2,3
	300-400	2,3	1,9	2,1	2,1
	400-500	2,1	1,6	1,6	1,8

2.5.3 Penetrasieweerstand


Die penetrasieweerstand (kPa) in die rye en spore van die verskillende behandelings op die Bleeksandserie word in Figure 2.4(a) tot 2.4(c) weergegee en die in die ry en spoor van die verskillende behandelings op die Msingaserie in Figure 2.5(a) tot 2.5(c).




Figuur 2.4(a) Penetrasiweerstand in 'n spoor en ry in die geval van 'n sny-egbewerking op 'n Bleeksandserie




Figuur 2.4(b) Penetrasiweerstand in 'n spoor en ry in die geval van 'n skaarploegbewerking op 'n Bleek=sandserie




Figuur 2.4(c) Penetrasiweerstand in 'n spoor en ry in die geval van 'n skeurploeg op ry-bewerking op 'n Bleeksandserie



Figuur 2.5(a) Penetrasiweerstand in 'n spoor en ry in die geval van 'n sny-egbewerking op 'n Msingaserie



Figuur 2.5(b) Penetrasiweerstand in 'n spoor en ry in die geval van 'n skaarploegbewerking op 'n Msingaseries



Figuur 2.5(c) Penetrasiweerstand in 'n spoor en ry in die geval van 'n skeurploeg op ry-bewerking op 'n Msingaseries

Dit was ongelukkig, as gevolg van die lae hidrouliese geleibaarheid van die verdigte lae en gevolglike versameling en laterale beweging van water op hierdie lae, nie moontlik om die grond op alle dieptes tot by veldkapasiteit te benut nie. Penetrasieweerstand is dus nie op alle dieptes by veldkapasiteit bepaal nie en gevolglik is hierdie penetrasieweerstande nie werklik vergelykbaar nie. Dit wil egter nietemin voorkom asof die penetrasieweerstand by al die behandelings van albei proewe in die spore hoër neig as in die rye.

2.5.4 Grondwaterstudies

Die grond se waterinhoud (%) op bewerkingsdiepte, soos gemeet tydens die pluimstadium van die proefplante in die geval van al drie die behandelings by die Bleeksand- en Msingaseries, word in Tabel 2.6 gegee. In die geval van die Msingaserie is daar nie ooglopende verskille gevind nie. By die Bleeksandserie was die waterinhoud op die skeurploeg se bewerkingsdiepte (450mm) aansienlik hoër as wat die geval was op die bewerkingsdiepte van die sny-eg (150mm) en skaarploeg (250mm). Die hoër waterinhoud op 'n diepte van 450mm was moontlik die gevolg van kapillêre styging vanaf die grondwatervlak. Die diepte van die grondwatervlak was 1000mm en in die laboratorium het water as gevolg van kapillêre styging oornag, by kamertemperatuur, 530mm in 'n grondkolom met 'n digtheid van $1\,430\text{kg m}^{-3}$ gestyg.

Tabel 2.6 Grond se waterinhoud (%) op bewerkingsdiepte, soos gemeet tydens pluimstadium van die proefplante in die geval van sny-eg-, skaarploeg en skeurploegbewerkings by 'n Bleeksand- en Msingaserie

Grondserie	Behandeling	Waterinhoud* (%) op bewerkingsdiepte
Bleeksand	Sny-eg	3,0
	Skaarploeg	3,5
	Skeurploeg	11,0
Msinga	Sny-eg	9,0
	Skaarploeg	9,0
	Skeurploeg	8,0

* Gravimetriese waterinhoud

2.6 GEVOLGTREKKING

Skeurploeg-, sny-eg en skaarploegbewerkings het by die Bleeksandserie in die Noordwes-Vrystaat ooglopende grondverdigting veroorsaak. Slegs die dieptes van die verdigte lae het tussen die verskillende behandelings verskil. Brutodigthede wat wissel van $1\,580\text{kg m}^{-3}$ tot $1\,640\text{kg m}^{-3}$ is in die verdigte lae gemeet. Hierdie hoë brutodigthede was voldoende om wortelindringing te beperk. Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat skeurploegbewerkings tot op 'n diepte van 450mm in die plantry, met gepaardgaande toepassing van beheerde spoorverkeer soos deur Burger (1982: 21), Koch & Badenhorst (1979:7) en Mallet *et al.* (1980:12) voorgestel, grond in so 'n mate verdig dat wortelgroei beperk kan word. As gevolg van die diepte van hierdie verdigte laag kan verwag word dat dit slegs teen hoë koste opgehef kan word. Hierdie metode van bewerking sal waarskynlik op sekere gronde wel met sukses toegepas kan word, veral as voldoende grondwater op bewerkingsdiepte teenwoordig is en die grondsterkte in die verdigte laag gevolglik verlaag word sodat wortels moontlik deur hierdie laag kan dring. 'n Ander moontlike verklaring is dat die grondwatervlak in sulke grond so vlak is dat dit binne die bereik van kapillêre styging na die verdigte laag geleë is. Meer navorsing sal egter nodig wees om gronde waarop hierdie bewerking suksesvol toegepas kan word, te karakteriseer. Fluktuasies van grondwatervlakke en die invloed van tekstuur en digtheid op kapillêre styging behoort hier aandag te geniet.

Die verskillende bewerkingstegnieke wat in die persele op die Msingaserie toegepas is, het geen noemenswaardige verdigting wat wortelontwikkeling sigbaar gestrem het, tot gevolg gehad nie.

Verdigting wat die gevolg is van kontakdrukke, veroorsaak deur trekkerwiele, het in beide die Bleeksand- en Msingaserie plaasgevind.

Dit sou egter gevaarlik wees om uit hierdie bevindings algemene gevolgtrekkinge te maak sonder dat die invloed van sekere veranderlikes, soos die grond se waterinhoud, op verdigting meer breedvoerig ondersoek is. Nietemin het dit duidelik uit die resultate geblyk dat die kompakteerbaarheid van verskillende grondtipes verskil. Gevolglik is besluit om ander faktore se invloed onder gekontroleerde toestande in die laboratorium te evalueer.

HOOFSTUK 3

DIE INVLOED VAN VERDIGTINGSPOGING, KLEI- EN WATERINHOUD OP VERDIGTING

3.1 INLEIDING

Volgens Coleman & Perumpral (1974:856-860), Harris (1971:9-47), Sowers & Sowers (1970:206-209) en Vanden Berg *et al.* (1958:24-27) is dit duidelik dat grondverdigting grootliks deur die omvang van die verdigtingspoging en die klei- sowel as waterinhoud beïnvloed word.

Elke grond het 'n sekere optimumwaterinhoud, waarby maksimum verdigting vir 'n bepaalde verdigtingspoging moontlik is (Sowers & Sowers, 1970:208). Die optimumwaterinhoud vir 'n spesifieke grond is dus die faktor wat bepaal tot watter maksimum brutodigtheid grond deur middel van 'n spesifieke verdigtingspoging verdig kan word. Indien die waterinhoud laer as die optimum is, neem verdigting vir die poging toe namate die waterinhoud tot by die optimum toeneem. In geval van waterinhoude hoër as die optimum neem die verdigting met die spesifieke poging af namate die waterinhoud toeneem (Soehne, 1958:280). Hierdie optimumwaterinhoud is in die omgewing van die plastisiteitsgrens (Weaver & Jamison, 1951:21).

Wanneer al die tussenruimtes in die grond by verskillende digthede met water gevul is, dit wil sê wanneer die grond vir elkeen van hierdie digthede versadig is, sal die verhoudings tussen die waterinhoude en brutodigthede die nullugruimte-kromme gee. Die teoretiese maksimum digtheid vir die nullugruimte-kromme word bereken uit die soortlike massa van die soliede fase by elke waterinhoud:

$$Y_z = \frac{Y_w}{W + \left(\frac{1}{G_s}\right)}$$

Y_w = die eenheidsmassa van water

G_s = die soortlike massa van die soliede fase

W = die waterinhoud

Y_z = die maksimum digtheid vir die nullugruimte-kromme.

Indien grond by 'n bepaalde waterinhoud tot so 'n mate verdig word dat die ruimtes slegs met water gevul is, met ander woorde versadig is by die bepaalde digtheid, sal die teoretiese digtheid laer wees as wanneer grond by 'n laer waterinhoud verdig word. Die digtheid sal dan toeneem tot 'n teoretiese maksimum wanneer die waterinhoud tot nul verminder. By hierdie punt sal die massa van die soliede fase gelyk wees aan die teoretiese maksimum digtheid (Sowers & Sowers, 1970:208).

In kohesielose gronde word die gronddeeltjies tydens verdigting in 'n digter pakking gerangskik. Wrywing tussen die deeltjies veroorsaak weerstand teen heroriëntasie van deeltjies. Hierdie wrywing word deur die kapillêre spanning in die waterlagies tussen die deeltjies verhoog. Met toename in waterinhoud verlaag die kapillêre spanning. Die verdigtingspoging se effektiwiteit neem dus toe tot by die optimumwaterinhoud. Indien die waterinhoud verder toeneem, sal die verhouding water:gronddeeltjies ook toeneem en die laer digtheid van water veroorsaak gevolglik 'n verlaging in brutodigtheid.

Volgens Sowers & Sowers (1970:207) is verdigting in 'n kohesiegrond hoofsaaklik die gevolg van distorsie en heroriëntering van gronddeeltjies. Hierdie distorsie en heroriëntering word deur die aantrekkingskrag tussen die gronddeeltjies bemoeilik. Met 'n toename in waterinhoud sal die kohesiekragte verlaag en die weerstand teen verdigting sal afneem. Die verdigtingspoging word nou progressief meer effektief. By 'n hoër waterinhoud sal verdigting aanleiding gee tot hoër versadiging. Dit veroorsaak 'n verhoging in die neutrale-spanning. Hierdie verhoging in neutrale-spanning werk 'n verdere verlaging in dielugruimteverhouding teen. Indien verdigting by 'n waterinhoud wat hoër as die optimum is, plaasvind, sal die gedispergeerde deeltjies verder van mekaar af beweeg sodat meer ruimte vir die groter hoeveelheid water gemaak word. Die grond se digtheid sal gevolglik vir dieselfde verdigtingspoging by hoër waterinhoude verminder.

Grond met 'n hoër klei-inhoud kan by die optimumwaterinhoud dertig persent meer verdig as wanneer die grond droog is. Sandgronde kan egter by die optimumwaterinhoud slegs twintig persent meer as droë sand verdig. Die waterinhoud het dus by grond met 'n hoër klei-inhoud 'n groter invloed

op verdigting as by grond met 'n lae klei-inhoud (McKyes *et al.*, 1980: 130). Ongelukkig meld die outeur nie by watter klei-inhoud sy bepalinge gedoen is nie.

Die mate van verdigting wat plaasvind word nie slegs beïnvloed deur die waterinhoud nie maar ook deur die verdigtingspoging. Met 'n toename in die verdigtingspoging neem die optimumwaterinhoud af. Larson *et al.* (1977:2) het 'n reglynige verband tussen die brutodigtheid en die logaritme van die toegepaste spanning gepostuleer. Indien brutodigtheid teenoor die toegepaste spanning gestip word, het hierdie navorsers bevind dat die helling van die kromme deur die tipe klei-mineraal beïnvloed word en dat dit toeneem totdat die klei-inhoud 'n waarde van 33 persent bereik het. Met 'n verdere toename in klei-inhoud bly die helling konstant.

3.2 DOEL VAN GEKONTROLEERDE VERDIGTINGSTOETSE

Uit die voorafgaande literatuuroorsig is dit duidelik dat die verdigtingspoging, sowel as die grond se klei- en waterinhoud, faktore is wat verdigting grootliks beïnvloed. Die doel met hierdie gedeelte van die ondersoek was dan ook om die invloed van hierdie drie faktore op verdigting te evalueer.

Teneinde die resultate op die mielieproduksiegebiede van die Hoëveldstreek van toepassing te maak, was dit noodsaaklik dat die grond so deeglik as moontlik gekarakteriseer word. 'n Aantal verteenwoordigende grondmonsters, waarvan die klei-inhoud verskil, is in die laboratorium ondersoek. Daar is vervolgens gepoog om die volgende ten opsigte van sekere gronde van die Hoëveldstreek vas te stel:

- i) Die verwantskap tussen klei-inhoud en die maksimum brutodigtheid waartoe grond by die optimumwaterinhoud kan verdig.
- ii) Die verwantskap tussen klei-inhoud en die optimumwaterinhoud.
- iii) Die verwantskap tussen klei-inhoud en die maksimum brutodigtheid waartoe grond by waterinhoude wat afwyk van die optimum, kan verdig.
- iv) Die gekombineerde invloed van klei- en waterinhoud op verdigting.
- v) Die invloed van die grootte van die verdigtingspoging op verdigting.

3.3 BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGEBIED

Die homogene boerderygebiede met nommers 1, 2, 4, 6, 7, 11, 13, 14, 15, 16, 17, 19, 20, 21, 22, 25, 26, 27, 28, 32, 33, 34, 35, 36, 37, 39, 44, 45, 46, 51, 52, 53, 54 en 55 in Figuur 3.3 word deur die Departement Landbou (1981:16) as die belangrikste mielieproduksiegebiede van die Hoëveldstreek beskou. Grondmonsters is van die B21-horisonte van die dominante gronde in sommige van hierdie mielieproduksiegebiede geneem. In Figuur 3.2 word die verspreiding van die Hoëveldstreek se dominante gronde (Departement Landbou, 1981:16), aangedui. Die lokaliteite waar die monsters geneem is, word in Figuur 3.1 aangedui.

Aangesien verskeie navorsers (Bodman & Constantin, 1965:590; Moolman & Weber, 1978:44; Staple, 1975:407) gevind het dat deeltjiegrootteverspreiding 'n belangrike kenmerk is wat die verdigbaarheid beïnvloed, is sortering, kurtose, skeefheid en gemiddelde deeltjiegrootte as parameters gebruik om die monsters wat in die verdere ondersoek gebruik is, te kwantifiseer. Die berekening en implikasies van die parameters word deur Folk (1961:34-51) beskryf. Volledige deeltjiegrootte-analises van die grondmonsters is deur toepassing van die hidrometermetode en sif-analises, soos beskryf deur Bowles (1970:41), uitgevoer. Vir die akkurate berekening van bogenoemde parameters is die volgende deeltjiegroottes, in millimeters, bepaal: 1,700; 1,400; 1,180; 1,000; 0,850; 0,710; 0,600; 0,500; 0,425; 0,355; 0,300; 0,250; 0,212; 0,180; 0,150; 0,160; 0,090 en 0,070. Aangesien die klei-inhoud van die gronde verskil, en dit 'n groot invloed op die deeltjiegrootteverspreidingskrommes het, is die klei-inhoud in die berekenings weggelaat en is slegs die verspreiding van die deeltjies groter as 0,002mm inaggeneem. Die sortering, skeefheid, kurtose, gemiddelde deeltjiegrootte en klei-inhoud van monsters 1 tot 20 word in Tabel 3.1 gegee. Die grondmonsters is hoofsaaklik gemiddeld gesorteer, simmetries tot fynskeef en met 'n gemiddelde kurtose. Die klei-inhoud wissel vanaf 5 persent tot 28 persent.

Die Neldwindjie p-7-8




Figuur 3.1 Lokalteite waar grondmonsters geneem is


R Witer nag p. 5-6



Figuur 3.1 Lokalteite waar grondmonsters geneem is



Figuur 3.2 Skematiese grondkaart van die Hoëveldstreek (Departement Landbou, 1981:16)



Figuur 3.3 Redelike homogene boerderygebiede
van die Hoëveldstreek
(Departement Landbou, 1981:16)

Skaal: 1:2 500 000

Tabel 3.1 Korrelgrootteparameters van grondmonsters 1 tot 20

Grondmonster	Klei-inhoud (%)	Gemiddelde deeltjie=grootte	Sortering ϕ	Skeefheid	Kurtose
1	5	1,97	0,74	0,08	1,07
2	7	2,6	0,79	0,04	1,07
3	13	2,7	0,83	0,17	1,22
4	15	2,7	0,96	0,19	1,19
5	17	2,77	0,81	0,15	1,11
6	22	2,66	1,06	0,09	1,37
7	28	2,50	0,80	0,19	1,19
8	18	2,70	0,90	0,10	1,18
9	11	2,70	0,89	0,25	1,56
10	13	2,80	1,31	0,48	1,73
11	2	2,53	0,74	0,21	4,2
12	9	2,61	0,79	0,10	1,15
13	15	2,70	0,89	0,25	1,60
14	12	2,53	0,85	0,20	1,31
15	5	2,81	0,74	0,01	1,10
16	7	2,65	0,90	0,08	1,20
17	11	2,60	1,0	0,05	1,40
18	21	2,53	1,40	0,50	1,63
19	15	1,99	0,80	0,10	1,20
20	16	2,49	0,69	0,08	1,07

Om die invloed van die verdigtingspoging en die klei- en waterinhoud op verdigting te ondersoek is vanuit grondmonsters 1 tot 20 'n aantal monsters met deeltjiegrootteverspreidings wat ooreenstem met die res van die monsters, gekies. Hierdie monsters se klei-inhoude varieer vanaf 5 tot 28 persent en hul deeltjiegrootteverspreiding word as monsters 1 tot 7 in Tabel 3.1 gegee.

3.4 METODES IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK

3.4.1 Die invloed van klei- en waterinhoud op verdigting

Daar bestaan 'n aantal metodes waarvolgens die optimumwaterinhoud en maksimum brutodigtheid van 'n grond bepaal kan word (Lambe, 1951:43). Hierdie metodes is almal daarop ingestel om die verdigtingspoging wat in die praktyk gebruik word, so getrou as moontlik in die laboratorium na te boots. Hierdie outeur wys daarop dat die optimumwaterinhoud wat in die laboratorium verkry word, ietwat laer is as die optimumwaterinhoud wat in die veld waargeneem word. Die metode wat die meeste gebruik word, is die Proctor-metode. Hierdie metode bestaan daaruit dat 'n 2,5kg hamer vyf en twintig keer, 300mm hoog op 'n 100mm dik grondlaag in 'n 944cm³ houer laat val word. Die prosedure word twee keer herhaal nadat elke keer nog 'n laag van 100mm grond bygevoeg is (Sowers & Sowers, 1970:210). Die omvang van die verdigtingspoging is $\pm 592,7 \text{ kJm}^{-2}$.

Die grondmonsters se optimumwaterinhoud en maksimum brutodigtheid is in die laboratorium, volgens die Proctor-metode, bepaal. Om statisties betroubare data te verkry, is 25 monsters van elke grond, wat almal verskillend benat was, met behulp van die Proctor-metode verdig. Die verband tussen waterinhoud en brutodigtheid is vir al sewe gronde grafies voorgestel. Hierdie krommes is gebruik om die eerste vier verwantskappe, soos uiteengesit in paragraaf 3.2, te bepaal.

3.4.2 Die invloed van die omvang van die verdigtingspoging op verdigting

Grondmonsters 2, 5 en 7, met klei-inhoude van 7, 17 en 28 persent onderskeidelik, is in hierdie ondersoek gebruik. Die grondmonsters is volgens variasies van die standaard Proctor-metode verdig met toepassing van

5, 15, 20 en 25 houe onderskeidelik om sodoende vier verdigtingspogings vir elke grondmonster te verkry. Die optimumwaterinhoud en maksimum brutodigtheid is vir elke verdigtingspoging bereken. Om die invloed van die grootte van die verdigtingspoging op verdigting te bepaal, is die verwantskap tussen die toegepaste energie (kJm^{-2}) en brutodigtheid vasgestel.

3.5 RESULTATE EN BESPREKING

3.5.1 Die invloed van klei-inhoud op die maksimum brutodigtheid waartoe grond by die optimumwaterinhoud kan verdig

In Tabel 3.2 word die brutodigthede waartoe grondmonsters 1 tot 7, met verskillende klei-inhoude (kyk Tabel 3.1), by verskillende waterinhoue verdig het, gegee. Deur van hierdie data gebruik te maak is die verwantskap tussen waterinhoud en brutodigtheid van die grondmonsters in Figure 3.4(a) tot (g) voorgestel. Elke grondmonster se optimumwaterinhoud en maksimum brutodigtheid (met stippellyne aangetoon) is vanaf hierdie figure afgelees en in Tabel 3.3 tesame met die klei-inhoud aangetoon. Regressievergelykings 1 tot 7 (Tabel 3.3) is onderskeidelik vir die krommes wat in Figure 3.4(a) tot (g) getoon word, ontwikkel. Hierdie vergelykings kan gebruik word om die brutodigthede (y) waartoe grondmonsters 1 tot 7 by verskillende waterinhoue (x) kan verdig, te bereken.

